Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. Die boodskap wat ek verkondig , het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar die kragtige werking van die eers. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."

Galasiërs 3:28

"Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie; in Christus Jesus is julle almal één. En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham, en erfgename, kragtens die belofte van God."

2 Timoteus 2 : 19 + 20

"Nogtans, die hegte **fondament** wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: Die Here ken dié wat aan Hom behoort..."

As jy kyk na die houtkruis op Golgota, as jy Bybel lees en bid, as jy na die natuur kyk: Onthou net dit: God is lief vir jou, jy moet ander mense met respek hanteer. Jy moet met respek optree teen Fauna en Flora. Dis al. ok, Ronnie Belcher voeg by: After all is said and done, vat maar jou doppie so dan en wan!

amen

ccx

Panta Rei

(alles verander)

In Duitsland, het die Duitse Parlement amptelik besluit daar is nou meer as 2 geslagte is, jy kan nou 'n man wees, of 'n vrou, of iets anders, interseks.

Al die dinge, hoe mense dink oor: geslag, huwelik, fertiliteit, surogaat, donor, hoe hulle dink oor God
hoe hulle dink oor kos, sal nooit weer dieselfde wees nie. Die wêreldbeeld het verander, kennis neem toe.
Almal het opinies. So nou is daar 3 amptelike geslagte, en nog kom. Alles verander. Maar Christene kan nie dink nie.
Christene is geneig om so 'n bietjie van dit te glo, en 'n bietjie van dat, en 'n Bybelversie vir die dag.

Christene het nie 'n behoorlike wêreldbeeld nie. Een groot behoorlike geïntegreerde wêreldbeeld. Dit is die rede hoekom Christene oor alles baklei, net om môre oor dieselfde saak heeltemal anders te dink. Dit is agterna beskou soms snaaks. En verleë:

die hoed, van die vrou, kaalvoet in die kombuis,
Glenda en Oupa, Beetles, Imagine, bokant ons net blou lug,
Evolusie, kinders word gesien, en nie gehoor nie,
Egskeiding, Kommuniste, Apartheid, Roomse kerk, kerkmusiek,
Preke het gegaan oor sonde, Dallas, Kennis van die Aand,
Scope, elke Sondag nog 'n sonde,
Diep o God diep neergeboë staan ons voor U hoë reg.

Nou wil ek vir u ewige leiding gee, as u daarvoor gereed is, hoe moet ons wegkom van tydelike opinies waaroor ons baie baie sterk voel, wat môre niks is nie.